

2 Maart

1 Korintiërs 15:1-11, (Teks 15:10)

'n Godskind is 'n genadekind

Genadetaal is nie spogtaal nie. Genadetaal is belydenistaal. Hoor mooi as Paulus sê: "Maar deur die genade van God is ek wat ek is..." Kom ons maak doodseker dat ons verstaan wat hier staan.

Dink daaraan dat hierdie brief van Paulus nie 'n maklike een was om te skryf nie. Dit is die brief van probleme en vraagstukke en dus - die brief van antwoorde gee (1 Kor. 1:10 - 4:21; 6:1-11; 7:1-40). In 1 Korintiërs 15 hanteer Paulus dan ook nog die probleem hoe die opstanding van die liggaam verstaan moet word. Kyk hoe mooi. Juis die wonder van Christus se opstanding bring Paulus by sy genade-belydenis (1 Kor. 15:8-10).

Die opgestane Jesus het ook aan Paulus verskyn. Vers 8: "Heel laaste ook aan my - Paulus, ek die misgeboorte..." Misgeboorte beteken ook: aborsie, miskraam. Paulus, sonder hoop om Christus te ontmoet - aan my het Christus verskyn. Daarom dat Paulus kan sê: "Deur die genade van God is ek wat ek is..." Wat sy persoon betref, die minste. Wat God se genade betref, die kragtigste. Aan Paulus, die dooie, die misgeboorte het die lewende Christus ook verskyn. Om hierdie rede is Paulus wat hy is - 'n genademens. Genade, die "maar" van elke Godskind se lewe. Genade, om my sondige verlede en my kwesbare hede te kan lê aan die voete van die opgestane Christus. Genade, om te kan sê: Nie ek leef nie, maar Christus leef in my. Genade maak van die kerkvervolger kerkstigter; van die regter vriend; van die lewenemer lewegewer. Paulus kon sy energie danksy God se genade anders aanwend. Die vyand van die kerk het vriend van die kerk geword.

Weet u wat? Die Here verskyn ook aan u sy kind. Hy doen dit deur sy Woord en Gees. Hy verskyn aan jou, paradysbederwer, sondaar. Nietig en sondig, klein en ellendig. Maar die Here verskyn aan jou en danksy sy genade is jy kind, dienskneg, diensmaagd, erfgenaam. Ook jy, 'n genademens. Dit bewerk in jou entoesiasme, 'n opgewondenheid in God se diens en geestelik sleep jou voete nie meer nie.

Dit is genade. Ook vir jou, al voel jy soms soos 'n krummel. 'n Mens wat ook durf vra: "Wees my Here, wees my genadig en seën my by owerloed." (Ps 67:1)

Sing: Psalm 84:6

Ds. P.H. Heystek (Pretoria-Magalieskruin)